

BOEKRESENSIES

C F A Borchardt, W S Vorster, *South African Theological Bibliography/Suid-Afrikaanse Teologiese Bibliografie volume 3*, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria 1988, 503 pp. Prys R46,50.

Hierdie derde aflewering van die SATB bevat gegewens vanaf 1981 tot 1984. Artikels, versamelbundels en proefskrifte wat in Suid-Afrika verskyn het, is daarin opgeneem. Die redakteurs en medewerkers moet gelukkig word met 'n puik stuk werk wat 'n onontbeerlike hulpmiddel en naslaanboek geword het van die gebeure op die Suid-Afrikaanse teologiese terrein. Die verdeling wat in die werk gevolg word is soos volg: Bibliologiese vakke; Sistematiese Teologie; Historiese vakke; Praktiese Teologie; Godsdienswetenskap; Sendingwetenskap; Apologetiek en Sekteswese. Verder is daar ook 'n outeursregister sowel as 'n onderwerpregister.

Die boek is oor die algemeen goed versorg. Daar het 'n paar proefleesfoute ingesluip: Bladsy 39, nr 493: b^erit i.p.v. b rit. By die outeursregister moet bladsye 358 en 359 omgeruil word.

Die redakteurs verrig 'n baie belangrike taak in diens van die Suid-Afrikaanse Teologie.

W S Prinsloo

H L Bosman en J A Loader, *Vertellers van die Ou Testament (Die literatuur van die Ou Testament deel 2)*, Tafelberg, Kaapstad 1987, 149 pp. Prys R29,50.

Hierdie uitgawe in slapband, is die tweede in 'n reeks wat handel oor die literatuur van die Ou Testament. Die outeurs is H L Bosman, J A Loader, F E Deist en P J van Dyk, 'n groep uitgelese vakkundiges en daarom bestaan daar ook geen twyfel oor die gehalte van hierdie werk nie. Elkeen wat dit grondig deurlees, ontdek 'n magdom van gegewens wat die wêreld van die Ou Testament en die nuutste navorsing daarvan oopmaak. Vir elke ernstige Bybelstudent, veral op die terrein van die Ou Testament, is hierdie 'n werk wat bestudeer móét word.

Die inhoud handel allereers oor die Heksateug (F E Deist), die Deuteronomistiese geskiedenis (H L Bosman), die Kronistiese geskiedwerk (P J van Dyk), die verhaal van Josef, Rut, Ester en Jona (J A Loader). Die verhalende prosa van die Ou Testament en die vertellers daarvan word hier aan die orde gestel. Elke skrywer bied eers 'n oorsig oor die betrokke geskiedenis daarvan self van naderby beskou. Die skrywers meen dat hierdie huwelik tussen historiese en literatuurkundige insigte nodig is om 'n minder eensydige benadering by die lees en verstaan van die Ou Testament teweeg te bring. Daarnaas word ook 'n oorsig oor die betekenis of "boodskap" sowel as 'n baie oorsigtelike navorsingsgeskiedenis, aangebied. Hierdie verskillende insigte dra beslis by tot die verruiming van kennis ten opsigte van elkeen van hierdie boeke of geskrifte.

Ten opsigte van die oorsig van die betrokke geskiedenis, is daar baie nuttige materiaal voor hande. Die boeke word inhoudelik by wyse van skemas en verskeie diagramme toegelig. Vir kennis van die betrokke boeke is hierdie gegewens van onskatbare waarde. Daar kan veel gesê word oor die afdeling wat handel oor die wordingsgeskiedenis van die geskiedenis, wat soms saamval met die aanbieding van 'n baie oorsigtelike navorsingsgeskiedenis. 'n Baie volledige beeld word hier aangebied. Veral in die eerste hoofstuk wat handel oor die Heksateug, word dit baie omvattend en in detail aangebied. Uiteindelik word daarvoor baie meer

uitvoerig gehandel as oor die samestelling van die geskrif self. Of al hierdie gegewens egter so ter sake is, veral vir die belangstellende Bybelleser wat die skrywers in die oog het, is 'n vraag. Alhoewel dit belangrike invulwerk doen ten opsigte van die samestelling van die boek, is dit tog andersyds ook verwarrend. Die vraag is of soveel vrae aan die orde gestel moet word, waarvoor daar nie direkte volledige antwoorde verskaf word of kan word nie. Daar word plek-plek ook met skynbare groot sekerheid, 'n groeiproses bekendgestel wat tog maar baie hipoteties is. Dit is dan ook jammer dat die betekenis of "boodskap" dikwels eerder by hierdie navorsings- of wordingsgeskiedenis van die geskrif aansluit, as by die betrokke geskrif self. Gaan dit soseer om die boodskap wat elke onderdeel in sy groeiproses in die oog gehad het, of die bedoeling van die eindredakteur wat die boek in sy finale vorm afgewerk het? Waar die aanvullingshipotese, gekoppel met die redaksiegeskiedenis, 'n baie prominente plek inneem in die inligting wat deur die skrywers verskaf word, sou die aanbieding van die boodskap ten opsigte van die eindproduk meer sinvol gewees het. Hierdie opmerking geld nie vir al die hoofstukke nie, want die boodskap van sommige van die korter boeke of geskrifte word tog meer samevattend hanteer.

Die vervlegting van die verhalende prosa is, myns insiens, 'n faktor wat meer in ag geneem moet word. Dit kan nie só uitmekaar gehaal word nie. Trouens, in die aanbieding van hierdie werk kom dit duidelik na vore. Waar die eerste hoofstuk handel oor die Heksateug, dit wil sê die boeke vanaf Genesis tot by Josua, handel die tweede hoofstuk oor die Deuteronomistiese geskiedenis, dit is Deuteronomium tot by 2 Konings. Trouens, in hoofstuk 4 word die verhaal van Josef, wat 'n deel van Genesis is, weer aan die orde gestel. Die bedoeling van die samestelling van die materiaal wat voor ons lê, en waarom bepaalde gedeeltes juis op 'n bepaalde wyse of plek geïnkorporeer is, verdien duideliker antwoorde. So is daar byvoorbeeld ook die onbeantwoorde vraag waarom Jona, wat 'n verhaal oor 'n profeet is en nie die boodskap van 'n profeet nie, tog tussen die klein profete tereg gekom het.

Opsommend kan dus gesê word dat hierdie werk uiters belangrik en aktueel is vir die studie van die Ou Testament. Almal sal seker nie oor alles saamstem nie. Daarvoor is daar ook nog te veel van 'n indringende diskussie aan die gang. Tog is dit prikkelend en maak dit die wêreld van die Ou Testament oop. 'n Vraag wat aan die skrywers gestel moet word, is waarom resente uitgawes op die terrein van die teologie in Suid-Afrika – waarvan sommige baanbrekerswerk was – geensins in hierdie werk figureer nie. Hier kan gedink word aan *Gods Word in Mensetaal*, Deel I en Deel II, van prof A H van Zyl en wyle prof I H Eybers en 'n werk oor Rut uit die hand van prof W S Prinsloo.

Afgesien van hierdie opmerkings, wil ek hierdie werk hartlik aanbeveel as 'n aanwinst op die terrein van Afrikaanse Teologiese vakkundige literatuur.

M H O Kloppers

J J Burden en W S Prinsloo. *Tweegesprek met God (Die literatuur van die Ou Testament, deel 3)*, Tafelberg, Kaapstad 1987, 384 pp. Prys R39,00.

Hierdie boek vorm die derde deel van die reeks *Die Literatuur van die Ou Testament*. In hierdie boek word die boeke Job, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied, Klaagliedere en al die profetiese boeke, insluitende die boek Daniël, behandel. Telkens word gekyk na 'n bepaalde boek se huidige vorm of samestelling deur 'n kort opsomming van die inhoud van die boek, aan die hand van die verskillende perikope waaruit die boek opgebou is, te gee. Vervolgens word daar aandag gegee aan die navorsingsgeskiedenis en problematiek en/of die ontstaan van 'n bepaalde boek. Die bespreking van elke boek word afgesluit met 'n gedeelte oor die teologiese riglyne wat 'n bepaalde boek bied.

Die boek is voorsien van diagramme, kantlynopsommings, 'n literatuurlys, teks-

outeurs- en sakeregisters asook 'n samevatting aan die einde van elke hoofstuk, wat die boek by uitstek 'n studieboek maak. Die literatuurlys, wat volgens die verskillende boeke wat behandel is, georden is, weerspieël die belangrikste navorsingsresultate van die spesifieke boeke vanaf die vorige eeu tot so onlangs as 1987.

Medewerkers aan die boek is, bo en behalwe die redakteurs, dr J A Burger, proff J H le Roux, J A Loader en dr W J Wessels.

Die titel van die boek *Tweegesprek met God*, word ontleen aan die feit dat by die profetiese boeke, dit God is wat deur die profeet in gesprek tree met die mens. In die ander boeke wat behandel word (bv Spreuke, Prediker, Psalms) is dit weer die mens wat in gesprek met God tree.

Die verskillende Bybelboeke word in die volgorde van die moderne uitgawes van die Bybel behandel, en nie volgens dié van die Hebreeuse kánon nie. Sou die boek dan nie, in die lig van bogenoemde, kon baat by verdere volledigheid deur 'n kort paragrafie oor die naam van elke boek nie?

'n Tweede vraag: Sou dit nie beter wees om die deel oor die navorsingsgeskiedenis en problematiek verbonde aan elke boek twee afsonderlike hofies te maak nie? In die meerderheid gevalle handel dit eintlik maar in hierdie afdeling oor die **problematiek** verbonde aan die verskillende boeke en nie soseer oor die **navorsingsgeskiedenis** van 'n bepaalde boek nie.

Saam met deel 2 van *Die literatuur van die Ou Testament* wat oor die vertellers van die Ou Testament handel, is elke boek van die Ou Testament nou behandel en kan teologiese studente, predikante en belangstellende lidmate hulle in leesbare Afrikaans op die hoogte bring met die jongste stand van navorsing oor elkeen van die boeke van die Ou Testament.

S D Snyman

J A Loader, *Ecclesiastes*, W B Eerdmans, Grand Rapids 1986, 136 pp. (Engelse vertaling uit Nederlands deur John Friend) Prys \$6,95.

Vriend se vertaling van die kommentaar wat in die Nederlandse *Tekst en Toelichting*-reeks verskyn het, is uiters geslaagd. Hoewel 'n mens soms die bondigheid van segging in die oorspronklike mis, is dit, wat die inhoud betref, helder oorgedra en lees dit vlot en maklik.

Dat Prediker 'n boek is wat om velerlei redes vatbaar is vir misverstand en waninterpretasie, behoeft bykans geen betoog nie. Juis daarom is 'n kommentaar wat verkeerde interpretasiestyle (waardeur die boek o.a. gereduseer word tot "tipiese" wysheidsliteratuur, of waardeur talle uitsprake in die boek afgeswak word tot motto's en sedelessies) aantoon en afwys, welkom.

Die onderhawige "praktiese kommentaar" is nie net op vakkundiges afgestem nie. Hoewel die skrywer die vakkundige nooit uit die oog verloor nie, word die stof op so 'n wyse aangebied dat dit vir 'n wye leserspubliek toeganklik behoort te wees.

Reeds by die inleiding van die werk, word dit duidelik dat die skrywer hom daarvan weerhou om te verval in tegniese gegewens. Noodsaaklike materiaal, soos die datering, outeur, genre, en so meer, word op kompakte en ekonomiese wyse behandel. Terselfdertyd word dié inleidingsvraagstukke steeds genuanseerd toegelig.

Betekenisvol vir die ontsluiting van Prediker, is die datering daarvan. Dit geld nie net vir die vasstelling van die tydperk waarin dit ontstaan het nie, maar veral uit die plasing van die boek binne 'n bepaalde fase van die wysheidsliteratuur, naamlik in die fase toe daar 'n reaksie gekom het teen dogmatisering van wysheidsuitsprake. Prediker vorm deel van die literatuur

waarin geprotesteer word teen verstarde, geykte “wysheid” Dié insig bied regdeur die kommentaar 'n raamwerk waarteen die Predikerteks verklaar word.

Die literêre genre van Prediker geniet besondere aandag. Die bespreking van die verskillende poëtiese en wysheidskonvensies is belangrik – veral in die lig van die insig dat die Prediker wel die tipiese konvensies van die wysheidliteratuur gebruik, maar dit telkens anders aanwend as wat gebruikelik was. Juis hierdeur word die geykte wysheidsisteme aan die kaak gestel.

'n Verdere belangrike winspunt is die wyse waarop die kommentaar die hedendaagse leser en sy reaksie op die enigins “ontstellende” inhoud van Prediker voortdurend in berekening bring. (Vgl. byvoorbeeld die kommentaar by 3:16–22).

Die waarde van die boek Prediker vir die soekende moderne mens, word in die kommentaar bevestig: Die Prediker word aan ons voorgehou as iemand wat 'n realistiese prentjie teken van hoe die menslike lewe sonder Christus sou wees.

Die skrywer probeer nêrens om die boek te “verchristelik” met een of ander kunsgreep nie. Hy toon juis aan hoedat Prediker binne sy eie konteks begryp moet word. Terselfdertyd word aangetoon hoedat die gedagtes in Prediker (wat uit 'n voor-Christus tydperk dateer) ook in 'n nuwe konteks (waar ons die nabyheid van God in Christus beleef) kan funksioneer (vgl. by 7:15–22). Prediker se sieninge wat in sy eie tyd geldig was, moet volgens die kommentaarskrywer herinterpreteer word in die lig van die perspektief wat Christus gebring het (vgl. byvoorbeeld by 5:10–6:9).

Vir Christene wat met geloofsvrae en ander eksistensiële probleme worstel, sowel as vir hulle wat vasgevang voel in die greep van rigiede “wysheid” en daardeur ontnugter word, is hierdie kommentaar 'n boeiende, hoopgewende werk wat tot heelwat nadenke kan/moët lei.

D S R du Toit

M J Mulder, *Koningen I* (Koningen 1–7), Kok, Kampen 1987 (Commentaar op het Oude Testament), 306 pp. Prys 67,50 gulden.

Die bekende Leidense Ou-Testamentikus, M J Mulder, het met hierdie kommentaar die eerste van drie dele oor Konings geskryf. Die tweede deel sal oor die res van Konings handel en die derde oor II Konings.

Die sewe hoofstukke wat hier gekommentarieer word, vorm nie 'n afgeronde eenheid nie, want die verhaale waarin Salomo die hoofrol speel, strek tot by die 9de hoofstuk terwyl die Elia/Elisa-siklus eintlik eers by hoofstuk 17 begin. Die verdeling is gewoon om praktiese redes gedoen vanweë die omvang van die boek. Die kommentaar op die eerste sewe hoofstukke beslaan oor die 300 bladsye.

Voor die eintlike kommentaar begin, is daar eers 'n inleiding waarin die volgende sake behandel word: die naam en verdeling van die boek Konings en die plek van Konings in die kanon; die Massoretiese teks en ou vertalings van Konings; die belangrikheid van Kronieke as 'n parallelle boek; die tyd van ontstaan, bronne en outeurskap van Konings; die inhoud en karakter van I Konings 1–7. In hierdie inleiding tree Mulder se basiese opvatting oor Konings sterk na vore. Hieruit blyk dat hy nie Noth se opvatting aangaande die sogenaamde Deuteronomistiese geskiedwerk aanvaar nie. Volgens hom is Noth se hipotese te simplisties en hou dit nie rekening met die kompleksiteit van die ontstaansproses van die Deuteronomistiese geskiedswerk oor die algemeen en Konings in besonder nie. Oor I Konings 1–7 sê hy: “Als werkhypotese is ... aan te nemen dat I Kon. 1–7, dat ongetwyfeld van oude lijsten ... en ander archivale gegewens ... gebruik gemaakt moet hebben, door een of meer auteurs of redakteurs is vervaardig”. Mulder ken nie aan die sogenaamde Deuteronomis so 'n doelbewuste, vooropgesette plan toe nie. Hy wil ook nie van dié geskiedenis as 'n tendensgeskiedskrif praat nie. Die diversiteit in veral I Kon 1–7 maak dit onmoontlik om dit onder een noemer te bring. Hy

sien die Deuteronomistiese werk slegs as “sement” wat tussen die brokstukke terug te vind is.

Die kommentaar self is geweldig uitvoerig. Mulder is 'n meester op sy vakgebied en ooreenkomstig sy belangstelling gee hy veral aandag aan filologiese, godsdienshistoriese en literêre aspekte. Naas 'n vertaling gee hy dan 'n gedetailleerde vers-vir-vers verklaring. Die kommentaar is nie bedoel om vir ontspanning gelees te word nie en is baie tegnies van aard. In die lig hiervan en in die lig van die prys van oorsese boeke, sal ek die kommentaar nie eintlik vir predikante, met die oog op die prediking, aanbeveel nie. Dit is 'n boek vir die vakman. Die kommentaar bevat baie inligting en is 'n belangrike bydrae tot die navorsing in die betrokke Bybelboek. Die waarde van die kommentaar sou egter na my mening verhoog gewees het as daar van die winspunte van die narratologie gebruik gemaak is. Miskien moes die skrywer ook meer aandag gegee het aan die opbou van elke hoofstuk om sodoende die globale strekking duideliker na vore te laat tree.

Dit bly egter 'n goeie kommentaar waarvan kennis geneem moet word. Enige een wat op die boek Konings 'n kommentaar skryf, verdien 'n medalje.

W S Prinsloo

P A Verhoef, *Kerk en samelewing* (Stellenbosse Teologiese Studies, Nr 14), NG Kerk Uitgewers, Kaapstad 1987, 48 pp. Prys R7,60.

Vir baie jare was prof P A Verhoef deel van die sinodale kommissies wat die volkereverhoudings van Suid-Afrika in die lig van die Skrif bestudeer het. Met verloop van baie jare het hy dan ook 'n besondere bydrae gelewer tot die totstandkoming van *Ras, volk en nasie* sowel as *Kerk en samelewing*. In bogenoemde geskrif lewer Verhoef op 'n nie-amptelike wyse kommentaar op *Kerk en samelewing*. Die skrywer wend veral die Ou Testament aan om lig op die probleem van volkereverhoudings te werp. Hierdie kort werkie is baie waardevol, want die skrywer neem reeds jare lank aan die gesprek oor volkereverhoudings deel en praat met gesag oor die onderwerp. Hierin het ons die neerslag van 'n leeftyd se gelowige nadenke oor die probleem. As gerespekteerde Ou-Testamentikus van die NG Kerk spreek dit vanself dat hy die lig van die Ou Testament hieroor wou laat skyn het. Verhoef het 'n sterk behoudende Skrifgebruik en pleit dat die eie aard van die Ou Testament in die gesprekke oor volkereverhoudings verdiskonteer moet word.

Verhoef het talle omstrede sienings oor die rasseproblematiek en wat op die Ou Testament gegrond is, die nek ingeslaan. Hy beklemtoon byvoorbeeld dat volkereverskeidenheid nie 'n grondwaarheid in die Ou Testament is nie, die begrip “ras” in die Ou Testament nie 'n rol in die beoordeling van groepe speel nie, die Ou Testament die wesentlike eenheid van die menslike geslag en die prinsipiële gelykwaardigheid van alle nasies leer, en dat politieke modelle vir ons huidige situasie nie aan die Ou Testament ontleen kan word nie. Verhoef red die Ou Testament uit die hande van diegene wat dit wil aanwend om aan een volk eksklusiewe voorregte bo andere te skenk.

Miskien is die grootste kritiek teen die werk dat dit so kort is. Verhoef kon meer oor die ontwikkeling van sy eie denke, sowel as die van die verskillende kommissies, vertel het. Die manier waarop hy die Ou Testament hanteer, is ook vir verskil van mening vatbaar. Verder kon hy meer van die hermeneutiek gemaak het. Interessant is sy verweer teen die aanklag dat die kerk die historiese situasie “tot 'n hermeneutiese beginsel verhef” (p 8) het. Verhoef beweer dat die onderskeie kommissies hierteen bedag was en dat die beskuldiging op 'n misverstand berus. Hier kon Verhoef dalk op die historiese bepaaldheid van verstaan ingegaan het. Voortdurend moes die kerk hoor dat sy eie konteks medebepalend vir sy verstaan van die volkereverhoudings was. In 'n groot mate is dit natuurlik waar. Maar wat nou

daarvan? Die idee dat anti-apartheidsteoloë vry van konteksinvloede is en die eintlike waarheid beet het, is onwaar. Wat ons tans in die gesprek oor volkereverhoudings dringend nodig het, is groter hermeneutiese bemoeienis. Hopelik sal ons dan beseef dat alle teologiese uitsprake oor volkereverhoudings histories bepaald is en dit ons almal tot groter nederigheid moet stem. Miskien kon Verhoef meer hierop ingegaan het en die probleem vanuit nuwere hermeneutiese insigte toegelig het.

Hierdie werk wil ek van harte aanbeveel. Vir almal wat oor die Suid-Afrikaanse problematiek nadink, is dit onontbeerlik. Dit kan met groot vrug by Bybelstudiegroepe behandel word.

J H le Roux

H J B Combrink, "Die Evangelie volgens Matteus", in: A H van Zyl (hoofredakteur met F J Botha, J P Oberholzer en J L Helberg mederedakteurs), *Die Bybel. Nuwe Vertaling met verklarende aantekeninge*, Lux Verbi, Kaapstad 1987, (loodsuitgawe) 90 pp.

Die verskyning van die eerste loodsuitgawes van die *Bybel met verklarende aantekeninge* lui 'n belangrike gebeurtenis op ons kerklike boekemark in. Na die verskyning van die 1983-Bybelvertaling was dit net logies dat 'n totaal nuwe uitgawe van die bekende en geliefde "huisvriend" vir soveel gelowiges, die een of ander tyd sou moes verskyn. Die loodsuitgawe op Matteus is uit die pen van die bekwame Stellenbosse Nuwe-Testamentikus en eksegeet prof Bernard Combrink wat reeds vir baie jare intensief met hierdie Evangelie besig is en 'n hele aantal publikasies in hierdie verband op sy kerfstok het. In die beperkte ruimte tot sy beskikking gaan hy deeglik op die belangrikste eksegetiese gesigspunte in. Sy besprekings toon dat hy deeglik van nuwere ontwikkelings op die gebied van die Matteusnavorsing, onder andere van die resultate van die redaksie-analise, kennis geneem het. Die kommentaar is logies, verstaanbaar en verhelderend. Gebruikmaking van hierdie deeglike, populêr-geskrewe werk, sal vir die belangstellende Bybelleser 'n verrykende ervaring wees.

A B du Toit

F J Botha, "Die Openbaring aan Johannes" in: A H van Zyl (hoofredakteur met F J Botha, J P Oberholzer en J L Helberg mederedakteurs), *Die Bybel. Nuwe Vertaling met verklarende aantekeninge*, Lux Verbi, Kaapstad 1987, (loodsuitgawe) 30 pp.

Dit is met weëmoed, maar ook met dankbaarheid, dat 'n mens hierdie loodsuitgawe opneem. Hierdie postume uitgawe is immers die laaste publikasie van 'n bekende en geliefde kollega. Professor Botha het 'n groot deel van sy akademiese loopbaan gewy aan 'n besondere studie van die boek Openbaring en was sekerlik een van die beste deskundiges op hierdie gebied. Op sy kenmerkende, reguit en bondige manier oriënteer hy die Bybeileser. Hy maak gebruik van die tyd-historiese interpretasie van Openbaring, maar wys gelyktydig daarop dat hierdie boek juis so 'n boodskap vir alle tye het. Die dier uit die see is byvoorbeeld waarskynlik keiser Nero; Babilon is Rome. Nietemin kan die skrywer nie anders as om, in navolging van Openbaring se aanbidding, die lyne deur te trek na die voleinding nie, byvoorbeeld in dele wat handel oor die eindoordeel en daarna (14:14—20 ens). Die simboliese karakter van hierdie boek word konsekwent gehandhaaf. Die duisendjarige ryk simboliseer byvoorbeeld die volle tydperk tussen Christus se eerste en tweede koms. Hierdie ryp vrug van professor Botha se teologiese arbeid sal inderdaad vir almal wat dit met aandag bestudeer, tot groot nut en seën wees.

A B du Toit

D A Carson, *When Jesus confronts the world. An exposition of Matthew 8—10*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1987, 154 pp. Prys \$7,95.

When Jesus confronts the world bevat 'n sestal verwerkte preke wat deur prof Carson by geleentheid van 'n besoek aan Cambridge gelewer is. Die preke is so verwerk dat sekere elemente van die oorspronklike gelewerde preek behoue gebly het, maar dat die teks self van 'n "praatteks" na 'n "preekteks" verander is. Hier en daar is so 'n bietjie meer oor 'n saak gesê as wat oorspronklik die geval was.

Carson het reeds 'n vollengte kommentaar oor Matteus die lig laat sien (*The Expositor's Bible Commentary*, vol 8). Dit bring mee dat die eksegetiese onderbou van die boek 'n goeie diepgang vertoon. Wat prysenswaardig is, is dat Carson nie in die strik trap om lang eksegetiese besprekings of verduidelikings te gee nie. Waar hy dit nodig ag, noem hy byvoorbeeld dat daar in die betrokke probleemgeval, twee of drie moontlike sienings is. Sonder 'n lang omhaal van woorde, maak hy dan sy keuse en gaan voort.

Soos hy dit self stel, is hierdie boek nie 'n kommentaar nie, maar eerder 'n illustrasie van sy poging om van detail-eksegese na die verduidelikende uitleg van die Woord van God, te beweeg. Die inhoud wissel dan ook voortdurend tussen dié twee pole. Hy verduidelik byvoorbeeld eksegeties wat die probleem met die twee persone was wat Jesus wou volg (Matt 8:18 vv), en dat dié problematiek in ons moderne situasie verhoudiglik. So is hy voortdurend besig om te probeer om die moderne leser, met sy besondere situasie, in die lig van die Skrif te stel. Ook probeer hy om met behulp van treffende inleidings die sake verder te aktualiseer. Hy ontvou sy inhoud rondom die sentrale figuur van Jesus, soos ook uit die titel van die boek blyk. Verskeie "eienskappe" van Jesus vorm dan die fokuspeunte in die verskillende hoofstukke. So geniet Jesus se outoriteit (8:1-17), sy outentisiteit (8:18-34), sy sending (9:1-17), sy betroubaarheid (9:18-34), sy medelye (9:35-10:15) en sy verdeling van mense (10:16-42), aandag. Hy deel sy besprekings netjies in hoofpeunte op (nie altyd drie punte nie). Daarmee sistematiseer hy sy materiaal goed, veral aangesien hy soms redelike groot gedeeltes per keer behandel.

Die boek is goed versorg en die styl maak dit aangenaam om te lees. Hierdie boek kan dus aanbeveel word vir persone (predikante ingesluit) wat na die essensie van die teks soek, sonder om deur lang eksegetiese redenasies te worstel. Die toepassings is prikkelend, wat dit stimulerende leesstof maak – ook vir die gewone lidmaat.

J G van der Watt

J van Bruggen, *Christus op aarde. Zijn lewensbeschrijving door leerlingen en tijdgenoten*, J H Kok, Kampen 1987. Prys 49,50 gulden.

Die sogenaamde *Van Bottenburgkommentaarreeks* is meer as bekend onder teoloë in Suid-Afrika. In 1922 het die eerste deel in die reeks *Kommentaar op het Nieuwe Testament* verskyn. Bekende bydraers was drs F W Grosheide, S Greijdanus, C Bouma en J A C van Leeuwen. In 1950 word die reeks gesluit. Later is dit deur Kok van Kampen oorgeneem en in die tweede uitgawe van die reeks was drs H N Ridderbos en H M Matter sleutelfigure.

Christus op aarde is nou die eerste boek in die derde reeks wat onder die redaksie van dr J van Bruggen sal staan. Dit sal in prinsipiële kontinuïteit met die vorige reeks aangebied word. Om die Heilige Skrif uit te lê, sal steeds 'n belangrike doel wees, maar met 'n betekenisvolle byvoeging. Die reeks sal in afdelings onderverdeel word waarvan slegs kommentare 'n deel sal uitmaak. In elke afdeling word ook 'n aantal boeke beplan wat die materiaal nie-teksgebonde sal hanteer. *Christus op aarde* is die eerste van hierdie groep boeke. Die boek

is gewy aan Jesus se lewe op aarde en is nie net die eerste boek in 'n reeks van drie nie, maar ook in die *Afdeling Evangelieën*. Al vier die evangelies word vir hierdie samevattende beskrywing van die lewe van Jesus in berekening gebring. Op twee "brandpunte" word gefokus: a) Op watter manier gee die evangelies 'n beskrywing van Jesus se lewensgang en b) watter (onvolledige) beeld kan daar m.b.v. hierdie beskrywings van Jesus se verblyf op aarde gevorm word?

Hierdie boek is beplan as inleiding tot die kommentare op die evangelies in die vorm van 'n lewensgeskiedenis van Jesus. Tog is die titel *Christus op aarde* gekies. Daarmee, so stel van Bruggen dit, wil hy daarteen waak om in sy beskrywing van die aardse Jesus, die voortsetting van Jesus se werk na sy opstanding en hemelvaart, gering te skat.

Hoewel dit nie so in die hoofstruktuur van die boek gedoen word nie, kan die materiaal in twee hoofgroepe ingedeel word. In die eerste twee hoofstukke word krities besin oor die bronne vir die beskrywing van Jesus se lewensgeskiedenis en oor die vraag: "Vier evangelies: één geskiedenis?" Daarna word die lewensgeskiedenis van Jesus sistematies vertel. Aandag word gegee aan die periodes in Jesus se lewe, sy verhouding met sy broers, susters en Johannes die Doper; Jesus se Galilese arbeid; sy gang na Jerusalem en dan uiteindelik die lydingsverhaal.

Die verhaal van Jesus word nie bloot oortel nie. By die bespreking van die doodsvonnis van Jesus, word byvoorbeeld 'n hele hoofstuk gewy aan die moontlikheid van 'n doodsvonnis deur die Sanhedrin. Daar word ook aan die doodsvonnis op feesdae, volgens die Rabbyne reg, aandag gegee. Verder word Josefus se getuie rakende Johannes die Doper bespreek asook die verband tussen die historiese volgorde en die vertelperspektief in die evangelies. 'n Sinoptiese vergelyking kry ook aandag. Daarbenewens bevat die boek ook 'n aantal handige tabelle oor bv. die verspreiding van die vertelstof in die evangelies en hoe die materiaal in al vier evangelies versprei is.

Hoewel dr Van Bruggen tog die nodige kritiese benadering vertoon as dit by die samevoeging van materiaal uit die verskillende evangelies kom, ontsnap hy ook nie aan die probleme van so 'n samevoeging nie. Die verhaal wat hy rekonstrueer, bly "sy" verhaal en is daarom, naas die vier evangelies, "nog 'n verhaal". Daarom sal 'n persoon met 'n sterk histories-kritiese oriëntasie ten opsigte van die evangelies, baie ongemaklik voel by die lees van hierdie boek. Ook op literêre vlak, waar die konteks as van groot belang geag word, is daar bepaalde probleme. Dieselfde materiaal kan in twee verskillende kontekste (bv in Matteus en in Van Bruggen se boek) semanties verskillend funksioneer. Daar is ook nie altyd blyke dat Van Bruggen erns maak met die meer resente benaderingswyse van die evangelies nie. Ten spyte daarvan is dit tog 'n interessante oorkoepelende bespreking van die beskikbare materiaal rakende die lewe van Jesus.

'n Duidelike poging is aangewend om die materiaal so aan te bied dat dit ook vir nie-teoloë toeganklik moet wees. Tog moet hieruit nie afgelei word dat die materiaal oppervlakkig of onnodig maklik is nie. Dit bly primêr 'n vakboek en vir iemand wat nie gewoond is aan Nederlands nie, sal dit moeilik lees.

Die boek is goed versorg, hoewel dit effens klein gedruk is. Dit is tog jammer dat die "notas by die teks" agter in die boek geplaas is. Dit maak die naslaan van die notas lastig.

Die boek sal met vrug gebruik kan word in kursusse oor die lewe van Jesus. Die agtergrondmateriaal wat aangebied word, is 'n besliste winspunt in die boek. Veral dosente en predikante sal dus heelwat interessante materiaal in die boek vind.

J G van der Watt

P P A Kotzé, *Kom ons volg sy spore. Die lewe van Jesus*, NG Kerkboekhandel Tvl., Pretoria 1987, 112 pp. Prys R6,75.

Soos uit die titel van die boek afgelei kan word, handel *Kom ons volg sy spore* hoofsaaklik oor die **geskiedenis van Jesus**. Dit moet saam met 'n tweede boek oor die **leer** van Jesus gelees word, wat by die verskyning van die onderhawige boek in die vooruitsig gestel is.

Die oogmerke van die boek word aan die begin duidelik gestel. Dit is geskryf vir mense wat reeds 'n bepaalde godsdienstige voorkennis het, byvoorbeeld Bybelkundestudente. By die lees van die boek is dit dan ook duidelik dat 'n onderrigsituasie in gedagte gehou is. Aan die begin van elke hoofstuk is daar enkele vrae wat deur die loop van die hoofstuk beantwoord word. Verder word daar ook hier en daar 'n "lang vraag" (sic. bl 13) ingevoeg wat skynbaar in 'n klassituasie gedoen moet word. Daar word ook gereeld skematiese opsommings van vernaamste feite gegee, wat die memorisering van die materiaal vergemaklik.

Wat die inhoud betref, word die inligting oor die lewe van Jesus, soos dit uit die vier evangelies na vore kom, stelselmatig beskryf. Die wyse waarop dit gedoen word, is inkonsekwent. By dele, byvoorbeeld die geboorteverhale, word heelwat agtergrondinligting oor die moontlike verklarings van interessanthede soos die "ster" gegee. In ander gevalle word doodgewoon 'n parafrase of 'n kort opsomming van die Bybelse materiaal self gegee. Hier en daar word daar op vergelykings in die materiaal gewys. Daar word ook nie veel aandag gegee aan die historiese probleme, wat 'n tipe "sinopsis" aan die hand werk nie. Die verskillende verhale word bloot maar aanmekaar geryg. As sodanig is dit 'n interessante oorsig oor die beskikbare materiaal. Die verklarende opmerkings wat hier en daar in die aanbieding van die materiaal gemaak word, is positief en dra tot 'n beter begrip van die gebeure wat verhaal word, by.

Die boek is van die eerste boeke op dié terrein wat tegnies deur die skrywer self op sy eie rekenaar voorberei is en toe deur die uitgewer gedupliseer en versprei is. Daarom lyk die lettertipe anders as gewoonlik en is daar allerlei tekeninge tussenin. Ook die diagramme en kaarte is op die rekenaar gedoen. Oor die algemeen is die indruk wat die versorging van die boek skep, goed. Omdat die bladsye egter verklein is, is die letters klein en vloei dit soms inmekaar. Dit bemoeilik die lees daarvan. Ook die gebruikmaking van sekere figuurtjies is in baie gevalle onduidelik en nie funksioneel nie. Die tipografie is ook nie deurgaans dieselfde nie. Soms word die vroeë aan die begin van die hoofstukke in 'n blok geplaas, maar soms net deur twee dik strepe aangedui. Die strepe is dikwels ook nie ewe lank nie. Word die spelfoute hierby gereken, kan gesê word dat 'n bietjie meer versigtigheid met die versorging van die boek die kwalitatiewe waarde van die boek aansienlik sou verhoog het. Ten spyte hiervan moet prof Kotzé tog gelukkigewens word met die inisiatief wat hy in hierdie verband aan die dag gelê het.

Wat die inhoud betref, is daar ongelukkig beter en swakker dele in die boek. Oor die algemeen lees die boek egter lekker; daar is heelwat prikkelende dele in die boek en dit sal die kennisvlak van 'n Bybelkunde I-student beslis aansienlik verhoog. Dieselfde geld vir 'n gewone lidmaat wat in die onderwerp belangstel en iets kort, maar tog iets interessant soek om te lees.

J G van der Watt

H N Ridderbos, *Het Evangelie naar Johannes. Proeve van een theologische exegese. Deel 1 (Hoofstuk 1-10)*, J H Kok, Kampen 1987, 439 pp. Prys 75 gulden.

Min internasionale Nuwe-Testamentici is so bekend by Suid-Afrikaanse teoloë as juis dr

Herman N Ridderbos. Verskeie van ons teoloë het dan ook in Kampen (Nederland) by hom gepromoveer. Van sy bekendste werke is *Paulus*, waarin hy aan die Pauliniese teologie aangedag gee, *De Komst van het Koninkrijk*, waarin daar na Jesus se prediking volgens die Sinoptiese Evangelies gekyk word en dan sy betrokkenheid by die reeks *Commentaar op het Nieuwe Testament*. In *Het Evangelie naar Johannes* pak hy die Johannese geskrifte aan. Soos op die stofomslag aangekondig word, word daar in die werk (met twee dele) gepoog om Johannes **teologies** te ontsluit, sodat dit naas dr Ridderbos se *Paulus* kan staan. Dr Ridderbos, wat nou reeds 'n ryp ouderdom bereik het en emeritus-hoogleraar is, het in 'n persoonlike gesprek aangedui dat dit sy groot begeerte is om ten minste hierdie werk (waarvan deel 2 nog moet verskyn) te voltooi.

Die aanbieding van die materiaal geskied progressief versgewys. Dr Ridderbos beklemtoon dat hy nie in allerlei debatte oor soms te periferiese sake betrokke wil raak nie. Sy inleiding, voordat hy met die uitleg van die teks begin, beslaan maar sowat 18 bladsye, waarvan die meeste nie oor die "tradisionele" inleidingsvraagstukke handel nie. Hy doen dit so omdat hy in die "strekking van die evangelie-verkondiging" (bl 9) van die skrywer belangstel. Dit is nie detail-eksegetiese vrae nie, maar die teologie wat hom interesseer. In sy besprekings probeer hy ook so "naby" die teks bly as moontlik. Op dié manier probeer hy tot die eie karakter van die evangelie deurdring.

Hierdie voorneme van hom blyk duidelik uit die wyse waarop hy die werk aanbied. Hoewel hy die materiaal in die formaat van 'n gewone kommentaar aanbied, is die gegewens nie altyd in ooreenstemming met wat 'n mens van 'n kommentaar verwag nie. Eksegetiese probleme word alleen d.m.v. die "bril van die teologie" geselekteer. Vername eksegetiese kwessies word derhalwe bloot geïgnoreer, waaruit die leser moet aflei dat dit **teologies** nie belangrik is nie. "Teologiese" sake word egter deeglik bespreek.

Dit is dan juis op dié punt waar die leser begin huiwer. Omdat dit nie 'n kommentaar in die volste sin van die woord is nie, sal dit baie moeilik 'n voorste plek onder die reeds uitstekende Johanneskomentare kan inneem. As teologie sal dit ook moeilik slaag. Johannes "dink" nie primêr liniêr-logies nie, maar siklies-verbandhoudend. Om nou stelselmatig (logies) deur die teks te beweeg beteken allermens dat 'n mens stelselmatig deur die teologie van Johannes geneem sal word. Die verbandhoudende brokkies lê daarvoor te verspreid oor die Evangelie. Die keuse om oor die Johannesevangelie 'n teologiese refleksie in kommentaarvorm aan te bied, is myns insiens nie 'n regte een nie, doodgewoon omdat Johannes se teologie nie op so 'n wyse effektief sistematies toeganklik is nie.

Die belydenis van Tomas (Joh. 20:28) en die stellings oor Jesus in die proloog (Joh. 1:1vv.) vorm vir dr Ridderbos die "ingang" tot die Evangelie. Dat dit 'n moontlikheid is, is seker, maar daar is 'n groeiende gevoel onder Johannese geleerdes dat so 'n "enkelloop"-benadering nie altyd die hart van die Evangelie binnedring nie. Soos 'n spinneweb hang die verskillende temas in Johannes saam en aan die geskakeerdheid moet vasgehou word. Daarmee word hoegenaamd nie gesê dat die Christologie nie 'n belangrike of selfs sentrale plek binne die geheel inneem nie. Om egter te eksklusief en beperkend t.o.v. die Christologie te werk, werk beslis beperkend op die geheelverstaan van die Evangelie in. Dat dié gevaar in dr Ridderbos se boek bestaan, lyk tog so.

"De naam van de outeur staat gerant voor een evenwichtige visie op het hart van het evangelie en daarom zou deze studie wel eens trendsettend kunnen zijn voor de komende decennia" (stofomslag). Dr Ridderbos is 'n baie groot geleerde, vir wie onder andere ekself, 'n baie hoë agting het. Die teologiese "staaf" waaruit hy gesny is kom duidelik in sy weloorwoë en diepsinnige besprekings na vore. Soos in die geval van sy ander werke kan 'n mens met aandaag lees wat hy sê. Tog is die woord "trendsettend" 'n bietjie pretensieus. Dit sou my ietwat verbaas indien die boek "trendsettend" sou word, bloot omdat min van die resente navorsing (wat teen 'n geweldige tempo verskyn) daarin weerspieël word. Daar word ook nie eintlik "nuwe paaie" aangedui nie. Dit is dus 'n bietjie moeilik om te sien hoe die werk die

“kleur” van die Johannese navorsing drasties gaan verander. Die opmerking oor “trendset-tend” moet waarskynlik gelees word in die lig van die plek waar dit staan – op die stofomslag. Dit is nie dr Ridderbos wat self so sê nie, maar die uitgewer. Dit is tog jammer dat daar op dié manier verwagtings gekweek word waar moeilik aan voldoen kan word.

Die versorging van die boek is van hoë gehalte; die boek is sterk gebind en keurig uiteengesit. Die enkele spelfout pla glad nie.

Opsommend kan gesê word dat, ten spyte van enkele gebreke, die boek goeie gedagtes bevat wat op teologiese gebied die Johannese literatuurskat sal verryk.

J G van der Watt

D A Carson, *Showing the Spirit. A theological exposition of I Corinthians 12—14*, Baker Book House, Grand Rapids 1987, 229 pp. Prys \$12,95.

Ons leef in 'n tyd waarin die Geestesgawes besondere aandag geniet en in baie gevalle ernstig omstrede is. Dieselfde geld vir die kerke in die VSA. Bogenoemde werk van Carson, professor aan die Trinity Evangelical School, is juis vanuit hierdie stryd rondom die gawes gebore. Ek vind dit 'n baie deeglike en gebalanseerde analise van hoofsaaklik die drie sleutelhoofstukke in I Korintiërs, alhoewel die boek Handeling in die slothoofstuk ook aan die beurt kom. Die skrywer bevind dat daar nie ontken kan word dat die “spreek in tale” ook nog vandag voorkom nie, maar wys op die talle gevare wat 'n verkeerde hantering van hierdie en ander gawes kan meebring. Hy staan nietemin positief oor die herontdekking van die charismata en meer as een aspek van die charismatiese beweging. Vanuit 'n sterk Bybels-evangeliese tradisie en met groot respek vir die Skrifteks, ondersoek hy die toepaslike tekste en karakteriseer hy die onderskeie gawes in die lig van beskikbare inligting. Hy kombineer sy eksegetiese met 'n treffende nugterheid en pastorale aanvoeling. Omstrede gedeeltes en *cruces exegeticae*, soos byvoorbeeld die moeilike I Kor. 14:20—25 en die gedeelte oor die spreekreg van die vrou in die erediens (I Kor. 14:33b—36), word uitvoerig aan die orde gestel. Aangesien Carson vanuit 'n kerklike atmosfeer skryf wat baie met ons eie ooreenkom en inderdaad groot erns met die Skrifwaarheid maak, verdien hy om intensief gelees te word.

A B du Toit

S J Kistemaker, *Peter and Jude (New Testament Commentary)*. Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1987, 443 pp.

Die reeks kommentare onder die oorkoepelende titel “*New Testament Commentary*” wat deur W Hendriksen begin is, is wel bekend. Voor sy afsterwe in 1982 het Hendriksen verskeie bruikbare kommentare in die reeks laat verskyn, o.a. oor die Evangelies en sekere van Paulus se briewe.

Sedertdien het die mantel op Simon Kistemaker geval om die reeks voort te sit. Die vraag is natuurlik of 'n nuwe outeur ook 'n nuwe formaat met 'n ander inslag sou beteken? Hoewel die buiteblad nie dieselfde lyk as die meeste van sy voorganger se boeke nie, vertoon dít wat tussen die buiteblaaie lê 'n groot ooreenkoms. Die wyse en styl van aanbieding volg dié van sy voorganger redelik getrou na. Wat die kwaliteit betref, vergelyk dit ook goed met en oortref selfs die van Hendriksen.

Die aanbieding van die gegewens volg die tipiese kommentaarstyl. Daar is eers 'n inlei-

ding waarin al die tradisionele inleidingsvrae aan die orde gestel word. (Dit is jammer dat die indeling by 1 Petrus swak is.) Die bespreking van die teologie en struktuur van 1 Petrus verdien egter vermelding.

Die briewe word vers vir vers bespreek. Allereers word die Bybelteks in Engels volgens die NIV-vertaling weergegee. Daarna volg 'n bespreking van die teks wat grootliks aan woorde uit die teks gekoppel is. Veral opmerklik is die telkense kruisverwysings na ander dele in die Bybel. In hierdie bespreking probeer Kistemaker die bedoeling van Petrus duidelik maak met behulp van agtergrond-, semantiese, strukturele en ander inligting. Hy maak ook in 'n beperkte mate van voetnotas gebruik. Die voetnotas is egter nie uitgebreid nie en bevat feitlik net verwysings na sekondêre literatuur. Na die bespreking volg dikwels 'n kort paragraaf wat soms "Doctrinal" en soms "Practical considerations" genoem word. Die Bybelse materiaal word hier in verband gebring met sake uit die moderne samelewing. Soms neem die paragrafe bloot die vorm van interessante opmerkings oor algemene sake aan. Die opmerkings is handig vir die prediker wat miskien 'n praktiese aanknopingspunt vir sy preek soek. Sy gedagtes kan ten minste daardeur gestimuleer word.

'n Gedeelte genoem "Greek words, phrases, and constructions" volg na elke bespreking. Daarin word relevante grammatikale gegewens bespreek. Dit is vreemd dat dié tipe gegewens van die algemene bespreking aan die begin geskei word, aangesien dit soms 'n bepalende bydrae tot die beter verstaan van die teks kan lewer. Die rede daaragter is waarskynlik om persone wat nie Grieks magtig is nie, nie af te skrik om die kommentaar ook te gebruik nie. Kistemaker se bespreking van die Grieks konsentreer hoofsaaklik op woorde en hier en daar op relevante konstruksies. Sy benadering is sterk op die tradisionele grammatika geskoei. Min tekens van die meer moderne grammatikale insigte word gereflekteer. Nogtans is die gegewens handig.

Die kwaliteit van die besprekings is oor die algemeen goed. Kistemaker beweeg sistematies deur die materiaal en stel dit wat hy wil sê duidelik en eenvoudig. Hy skryf vanuit die Amerikaanse gereformeerde (reformed) tradisie. (Sy opleiding het hy o.a. in Nederland gekry.) Hy bestee ook nie onnodig aandag aan steriele vraagstukke nie. Lang besprekings oor (moontlike) histories-kritiese probleme is ook afwesig, wat die kommentaar inderdaad geskik maak vir "preekmaak". Dit is ook rii 'n hoogs wetenskaplike, selfstandige stuk navorsing wat die Petrus- en Judasnavorsing op 'n nuwe vlak sal plaas nie. Die oogmerk skyn meer die basiese ontsluiting en bruikbaarmaking van die betekenis van die teks self te wees. Daarin word geslaag.

Oor die algemeen gesien is hierdie 'n handige en bruikbare toevoeging tot die reeds bestaande kommentare op I en II Petrus en Judas. Dit is beslis aan te beveel vir elke predikant.

J G van der Watt

T van der Walt, *Bible studies on the Kingdom of God*, IRS f2, no 36, Potchefstroom University for Christian Higher Education 1986, pp. 31. Prys R3,50.

Hierdie publikasie van die Instituut vir Reformatoriese Studies (PU vir CHO) maak deel uit van die instituut se reeks genaamd "*Brosjures*". Die titel *Bible studies on the Kingdom of God* dui aan waaroor dit in die publikasie gaan. Die oorsprong van die "Bybelstudies" dateer vanaf 7-11 Augustus 1972 na die geleentheid waartydens prof T. van der Walt die Sendingkonferensie van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Sydney (Australië) die bybelstudie geleidelik het. Die publikasie is 'n weergawe van die betrokke reeks bybelstudies.

Die publikasie bevat vier bybelstudies, getiteld: i) "The golden thread"; ii) "Israel and modern man"; iii) "Word and deed" en iv) "The consummation of the Kingdom".

Die bybelstudies word nie aan 'n enkele perikoop of teksgedeelte gebind nie. Dit word in 'n sistematiese raamwerk gegiet wat soms meer die indruk van 'n **sistematiese teologie** as 'n bybelstudie skep. Daar word vryelik uit die Skrif geput ten einde die saak van die Koninkryk helderder te teken. Die tekening van die Koninkryk word subtiel by wyse van vraagstellings met gepaardgaande antwoorde aangebied. Op die wyse word die leser eenvoudig maar tog duidelik deur die inhoud van die brosjure begelei. Dit is juis dan in hierdie eenvoud waar die sterk punt van die publikasie lê. Die leser word aan 'n moeilike onderwerp op 'n eenvoudige manier bekendgestel.

Dit is tog jammer dat die **bybelstudies** so onveranderd in die oorspronklike gesproke vorm aangebied word. Dit hinder beslis, omdat van die opmerkings situasiegebonde is. Dit het soms die effek dat die leser onbetrokke voel omdat hy maklik die indruk kan kry dat 'n ander **gehoor iewers elders** aangespreek word.

Hierdie is 'n handige brosjure vir die wat meer van die "Koninkryk van God" wil weet.

J G van der Watt

K J Toussou, *Streben nach Vollendung*, Herder, Freiburg-Basel-Wien 1983, 556 pp. Prys nie vermeld nie.

Hierdie proefskrif in die bekende reeks *Freiburger theologische Studien* handel oor die pneumatologie van die bekende Rooms-Katolieke denker Hans Urs von Balthasar. Met hierdie studie streef dr Toussou 'n tweevoudige doel na. Enersyds wil hy in 'n tyd wat na sy oordeel, nie genoeg teologiese gewig toeken aan die leer oor die Heilige Gees nie, 'n pneumatologiese bydrae lewer en andersyds wil hy die kollig plaas op 'n teoloog wat in die internasionale teologiese bedryf nie die aandag kry wat sy werk verdien nie.

Met hierdie opgawe wat die outeur aan homself stel, bevind hy hom voor 'n uiters moeilike taak omdat daar in die omvangryke oeuvre van Von Balthasar nie 'n monografie oor die pneumatologie voorkom nie. Toussou wend dus 'n poging aan om die pneumatologiese insigte wat verspreid in die werke van Von Balthasar voorkom, tot 'n logiese geheel te sistematiseer en om dit verder uit te werk. In hierdie proses word die betrokke pneumatologie nie in isolasie beskryf nie, maar die verbande daarvan met die Christologie, ekklesiologie en teologiese antropologie van die behandelde denker beklemtoon.

Soos verwag kon word, blyk dit uit Toussou se analise dat die teologiese denke van Von Balthasar dikwels in 'n spekulatief-wysgerige idioom geskied. Dit bring mee dat sy omgang met die tekste van die Heilige Skrif dan eerder 'n meditatiewe as 'n wetenskaplik eksegetiese karakter vertoon. Dat dit die geval is, verhinder egter nie dat hierdie meditatiewe benadering dikwels tot akkurate vertolkings van die Bybelse verkondiging lei nie.

Hierdie uitvoerige studie van Toussou kan om twee redes van harte by teologies geskoolde lesers aanbeveel word: enersyds bied die teologiese ontwerp van Von Balthasar veel wat 'n mens tot selfstandige teologiese denke kan stimuleer en andersyds is hierdie publikasie as dissertasie, 'n voorbeeld van hoe hierdie tipe analise uitgevoer behoort te word – al sou 'n mens moet sê dat die kritiese opmerkings wat aan die einde gemaak word, uitvoeriger uitgewerk kon gewees het.

C J Wethmar

C G de Groot, *Aurelius Augustinus (354 – 430). Die rustelose waarheidsoeker*, IRS F2 no 40, Potchefstroom 1988, 90 pp. Prys R7,00.

In opvolging van die reeks *Reformatoregalerie* is hierdie die eerste werk in 'n nuwe reeks oor die Kerkvaders. Die skrywer begin deur eers die wêreld waarin Augustinus gelewe het, te

skets. Die tersaaklike inligting word gegee sodat die leser goed kan begryp wat die omstandighede was waaronder Augustinus gelewe en gewerk het. Daarna skets die skrywer sy jeugjare, sy verblyf in Carthago, Rome en Milaan. Sy bekering word uitvoerig beskryf asook sy terugkeer na Afrika en sy uiteindelijke vestiging in Hippo. Sy stryd, veral teen die Donatiste en Pelagius, word deeglik bespreek. Die skrywer staan ook stil by Augustinus se houding teenoor die Jode, sy kloosterideale en sy werk as prediker, kategeet en opvoeder. Daar word gewys op sy allegoriese Skrifuitleg en 'n paar voorbeelde daarvan word aangehaal. Dit is vir die leser, wat miskien nie aldag hiermee kennis maak nie, baie leersaam en interessant. In die laaste hoofstukke word Augustinus se *De civitate Dei* bespreek; sy opvatting oor die duisendjarige vrederyk en sy einde en invloed in latere eeue word aangetoon.

Hierdie boek pas uitstekend in by die opset wat met die reeks beoog word naamlik, "om vir die man of vrou in die straat kort, populêre brosjures in eenvoudige taal in die hand te gee waaruit hulle ook vir hulle eie lewe en omstandighede inspirasie mag put". Dit is 'n goeie inleiding tot die geskiedenis van die beroemde kerkvader uit Noord-Afrika.

Daar is enkele kritiese opmerkings te maak oor die inhoud. By die beskrywing van die ontstaan van die Donatiste, word nie vermeld dat die Donatiste die *lapsi* as onrein beskou het en dat hulle nie die sakrament uit die hand van 'n sogenaamde onreine priester wou ontvang nie. Op bladsy 45 word die geveleude woorde van Augustinus aangehaal maar ons vind die gedagte reeds by Cyprianus, naamlik dat mens nie God as Vader kan hê as jy nie die kerk as moeder het nie. Op bladsy 50 praat die outeur van die historisiteit van Adam, maar dit gaan nie daarom nie, want ook Pelagius het dit nie ontken nie. Dit gaan wel daarom dat Pelagius gemeen het dat Adam net 'n slegte voorbeeld vir sy nakomelinge was. Dit gaan dus om die gedagte van die erfsonde wat Pelagius verwerp het. Op bladsye 58 en 59 word aspekte herhaal wat reeds onderskeidelik op bladsye 26 en 28 voorkom. Op bladsy 63 word melding gemaak van die Circumcelliane wat die Katolieke vervolg het. Hierdie groep radikales word ook op bladsy 42 tot 44 bespreek maar omdat daar nagelaat word om aan te dui dat hulle die Circumcelliane was, mag die leser meen dat die vervolginge op bladsy 63 na 'n ander vervolging verwys.

Daar is baie min drukfoute: Diocletianus (bl. 4), tolle (21), Theodosius (34 en 36), *lapsi* (41). Die outeur het 'n eie uitdrukkingswyse byvoorbeeld "van twee walletjies af eet" (bl 38). Die boek lees vlot en lekker. Om te praat van "die afvallige skuim van die Donatiste" getuig egter van onnodige growwe taalgebruik (bl 45). Die bibliografie aan die einde van die boek bevat baie algemene werke. Dit sou miskien nuttiger gewees het om resenter biografieë oor Augustinus, soos die van P Brown, T Rowe, W T Smith, D B Taylor en E Texelle ook te vermeld het.

Oor die geheel gesien is dit 'n baie nuttige werk wat hartlik aanbeveel word.

C F A Borchardt

P J Kuijt, *Calvijs lewenswerk belicht vanuit zijn Brieven Deel 3: De beproeving is hard (1541–1555) Deel 4: Hij hield vast als ziende de Onzienlike (1555–1564)*, De Banier, Utrecht 1987, 102 pp. Prys onbekend.

Baie mense het die indruk dat Calvin 'n baie ongenaakbare persoon was, en wanneer 'n mens sy *Institusies* lees, waarin hy die leer van die kerk formeel uiteensit, kan dié indruk nogal bevestig word. Hoe anders is jou indruk wanneer jy sy briewe lees, want dan sien jy dat hy in tye van verdrukking en aanvegting behoefte gehad het om sy hart vir sy vriende oop te maak. Gelukkig het daar 'n hele versameling briewe bewaar gebly, en dit is in boekvorm (en in Engels vertaal!) vir ons beskikbaar t.w. J Bonnet, *Letters of John Calvin*. Franklin 1973 (4

volumes). P. Kuijt het nou uit hierdie briewe 'n relevante seleksie gemaak en dit van aantekeninge voorsien om sodoende Calvin se lewenstaak toe te lig. Dit sou natuurlik altyd beter wees om al die briewe self te lees, maar min mense het die tyd en die agtergrondkennis, en vir hulle is Kuijt se boekies 'n uiters leersame ervaring. Hierdie resensie handel oor dele 3 en 4.

Deel 3 dek die periode 1541–1555, toe Calvin uit Straatsburg na Genève teruggekeer het, en sy nuwe kerkorde daar in werking moes stel. Die gemeenskap van Genève was nie ryp vir 'n geordende lewe binne die raamwerk van die eise van die Bybel, soos Calvin dit in die Kerkorde gestruktureer het nie. Die teologiese en politieke Libertyne, wat beheer van die Raad van Genève gehad het, wou ten alle koste verhinder dat die kerkorde onder toesig van die kerkraad sou funksioneer. Gevolglik was dit 'n tydperk van spanning en stryd, totdat die sg. “gereformeerdes” in 1555 beheer van die Raad verkry het.

Te midde van hierdie stryd was Calvin ook op ander terreine swaar beproef. Die jammerlike lot van die Franse vlugteling het hom ter harte gegaan – hyself moes nog altyd daar die smaad verduur! Die pes wat Genève getref het, was 'n bitter beker. Die sorg vir die gemeentes en veral die voorsiening van predikers, met die gepaardgaande teleurstellings, het hom dikwels moedeloos gestem. Boweal was hy op die knieë gebring deur beproewings in sy eie huis: albei sy kinders is baie jonk dood, sy gebondheid was swak en sy vrou het hom ontval. Hoe Calvin hierdie beproewings gelowig verwerk het, kom pragtig aan die lig in sy briewe. 'n Mens word getref deur sy besef van sy eie sondigheid. God moet ons beproef omdat ons so hardnekkig is en so afgestomp geraak het vir sy tugtiging (p 15). Alle rampe kom van die Here – selfs die teenstand van Perrin en die bedreiging vanuit Bern, sowel as die beproewing in sy eie huis. Maar ook in beproewinge steek die Here sy hand na ons uit, daarom kan ons dit dra (p 78).

Deel 4 dek die tydperk nadat die Raad van Genève sy beginsels aanvaar het, en Genève die bakermat van Calvinisme geword het. Die oprigting van die Teologiese Seminarium kan beskou word as die aardse bekroning op sy arbeid. In hierdie tydperk was daar egter ook terugslae, teleurstelling en beproewing. Die verbanne Libertyne, Perrin en Vandal, is deur Basel in beskerming geneem, en het die staat aangehits om beheer oor Genève uit te oefen en die “harde” wette af te skaf. Dit het Genève se politieke toekoms bedreig, maar Calvin het onder swaare aanvegting en teenkanting voortgegaan om die beginsels van die Skrif in Genève toe te pas. Selfs toe sy gesondheid geheel en al ingeggee het, het hy onverbiddelik voortgegaan, soos iemand wat die Onsenlike gesien het.

In hierdie deel kry ons 'n goeie idee hoe die kantonstelsel funksioneer (dit is seker relevant omdat dit een van die opsies vir die grondwetlike toekoms van Suid-Afrika is). Die aard van Calvin se politieke bemoeienis is uiters insiggewend. Sy stryd om Genève se soewereiniteit het nooit ter wille van die politieke vryheid geskied nie, maar ter wille van die saak van die Reformasie. Calvin was oortuig dat indien Bern weer voile seggenskap in Genève sou verkry, die Libertyne onder Perrin en Vandal weer die septer sou swaai en die Gereformeerde leer saam met die leraars uit Genève geban sou word (soos inderdaad in Lausanne met Viret gebeur het). Dit is duidelik dat hy onder geen omstandighede betrokke wou wees by enige sameswering om die Roomse bewind in Switserland of Frankryk omver te gooi nie, omdat dit die saak van die Reformasie in nog groter gevaar sou bring. Hy wou geen deel hê aan die opstand van 1561 in Frankryk nie, en sy brief aan de Coligny (pp 79–86) is uiters insiggewend. Ek glo nie dat 'n mens Calvin se standpunt t.o.v. opstand en geweld durf bepaal sonder om sy briewe in aanmerking te neem nie.

Die twee boekies is netjies versorg, lees maklik, en daar is baie min drukfoute. Ek het in Deel IV twee aangeteken. Die datum op p 71 moet seker 1560 en nie 1540 wees nie, en dit wil my voorkom of daar op p 72, reël 7, 'n woord weggelaat is. Maar die werkie het my weer eens oortuig dat 'n mens nie meer gesaghebbend oor Calvin kan praat, sonder om ook kennis te dra van die inhoud van sy briewe nie, en die skrywer het daarin geslaag om ten minste som-

mige van die briewe vir die nie-kerkhistorikus (én die kerkhistorikus!) te ontsluit. Ek raai u aan om die reeks te lees.

C J Botha

A M Donner, *Wie maakt de geschiedenis?* J H Kok, Kampen 1987, 142 pp. Prys 24,50 gulden.

Hierdie boek is deel van die reeks *Kuyper-voordrachten* en die outeur, 'n voormalige regter, is tans hoogleraar aan die fakulteit Regsgeleerdheid aan die Rijksuniversiteit te Groningen. Hy behandel 'n uiters bewoë tydperk in die geskiedenis van Engeland, naamlik die tyd van die burgeroorlog tot met die herstel van die koningskap onder Karel II. Die geskiedskrywers sien die gebeure verskillend en benoem dit as "civil war" "great rebellion" "English revolution" "Puritan revolution" of selfs "revolution of the saints". Die outeur beskrywe die gebeure baie goed en besien dit van alle kante.

Die verskillende akteurs in die gebeure word duidelik geskilder.

Eintlik het elkeen gedink dat hy die reg aan sy kant het en die kragte wat mense beweë as hulle dink dat hulle saak reg is, word goed aangedui. Dit is 'n treurige verhaal wat skynbaar, sonder dat iemand dit kon keer, onherroeplik sy gang gegaan het. Niemand wou uiteindelik die burgeroorlog hê nie, maar toe dit sover gekom het, was elkeen daarvan oortuig dat dit nie anders kon nie (bl. 49). Die gevaar daaraan verbonde, wanneer mense so hard vir 'n saak stry dat hulle die saak later met hulself identifiseer, word ook deur die outeur aangedui (bl. 96). So maklik kan dan gesê word "God het dit gedoen" of "God het ons geseën" (bl. 98).

Die skrywer het van alle kante na die gebeure gekyk en 'n groot aantal gegewens in sy boek verwerk. Hy het ook die vlugskrifte en die preekbundels van daardie tyd in berekening gebring en in die geheel 'n uiters gebalanseerde verhaal daargestel.

Sy vraagstelling is egter "wie maak die geskiedenis?" Elkeen het sy bousteen bygedra tot die gebou, maar was te klein om die geheel te oorsien en die gevolge van sy dade te peil. Wat is die sin van dit alles? Érens, meen die outeur, het uitkoms van 'n gebeurtenis van toevallighede afgehang (bl. 52). Elders sê hy weer dat dit anders kon verloop het as aartsbiskop Laud anders opgetree het (bl. 93). Die mens word in sy broosheid geteken wanneer die grote Cromwell op sy sterfbed in vertwyfeling verkeer (bl. 101). Die outeur gee geen antwoord op sy vraag nie. Hoe sou mens die hand van die Here in die hele verloop van sake sien? Klein mensies wat elkeen oortuig van hulle standpunt is en uiteindelik deur hulle optrede 'n burgeroorlog veroorsaak. Die Kwakers is aanvanklik uitdagend en word vervolgt maar later word hulle rustiger en kan in vrede hulle gang gaan. Was die vervolging dan nodig? Die boek dwing elke leser om vir homself rekenskap te gee van sy siening van die sin van die geskiedenis en om daardie rede alleen is die boek die moeite werd.

Die outeur gee 'n tien bladsye lange oorsig van literatuur oor die tydperk; in die bylaag is al die belangrikste datums aangedui asook 'n register van persoonsname. Ten slotte is daar vier kaarte wat die verloop van die burgeroorlog aantoon. Ek het 7 drukfoute aangeteken wat nogal baie is vir die hoë standaard wat ons van Kok verwag.

Dit is 'n uiters lesenswaardige boek.

C F A Borchardt

G J ten Zythoff, *Sources of secession. The Netherlands Hervormde Kerk on the Eve of the Dutch Immigration to the Midwest*, W B Eerdmans, Grand Rapids, Michigan 1987, 189 pp. Prys nie vermeld.

Hierdie boek is nommer 17 in die reeks *The Historical Series of the Reformed Church in*

America en is gebaseer op die skrywer se proefskrif wat hy by die Universiteit van Chicago ingedien het. Die outeur is in Nederland gebore en het na die oorlog aan die Universiteit van Utrecht, studeer. In 1951 is hy na Kanada om te dien in die Reformed Church of America. Tans is hy verbonde aan die Southwest Missouri State University.

Die doel van die outeur met die boek was om die kerklike agtergrond van die Nederlandse immigrante in Amerika na 1846 te skets. Die meeste Amerikaanse studies handel oor die immigrante wat hoofsaaklik uit die afgeskeie kerke gekom het. Die skrywer wou in hierdie leemte voorsien deur die toestand in die Nederlandse Hervormde Kerk te skets. Hy wys tereg daarop dat mens die aard van die Kerk van die immigrante eers reg kan begryp as jy presies weet hoe die kerk waaruit hulle afgeskei het, daar uitgesien het.

Die eerste hoofstuk handel oor die Franse rewolusie en die veranderinge wat as gevolg daarvan in die Nederlandse plaasgevinde het. Die volgende hoofstuk handel oor die kerkorde wat in 1816 ingevoer is. In hoofstuk 3 skets hy die ontevredenheid wat gevolg het na die invoering van die nuwe reglement terwyl hy in die volgende hoofstuk, die Nederlandse Reveil behandel. Hoofstuk 5 wy hy aan Bilderdijk en sy opvatting van die Nederlandse geskiedenis. Vervolgens skets hy die Liberalisme, die Groninger-skool en die afskeiding in 1834. Hoofstuk 7 word kortliks aan Van Raalte en sy afskeiding van die Hervormde Kerk gewy.

Die skrywer slaag uitstekend daarin om die toestande in die Nederlandse Hervormde Kerk te beskryf. 'n Mens kry 'n goeie idee van die gees wat binne die kerk geheers het. Die ontevredenheid binne die kerk, lank voor die afskeiding, word deeglik bespreek, naamlik die proteste van Mazereeuw, die Zwijndrechtsche Nieuwlichters en die afskeiding onder Vijgeboom in 1822. Ook die teenkating van die invoering van die gesange in 1807 word bespreek.

Die outeur huldig die standpunt dat die reglement van 1816 nie die deur geopen het vir die invoering van die Liberalisme nie omdat Liberalisme nog altyd tot op daardie stadium in die Nederlandse Hervormde Kerk aanwesig was. Die koning se inmenging in kerklike sake in 1816 was ook geen presedent nie, want dit het ook reeds by Dordt plaasgevind. Die outeur se beskrywing van die Reveil is nie baie duidelik nie alhoewel mens dadelik moet toegee dat die Reveil nie 'n georganiseerde beweging was nie, maar 'n klein groepie mense wat elkeen op sy eie wyse gestry het teen die oppervlakkigheid en geestelike doodsheid wat in daardie tyd geheers het (bl. 60). Die invloed van die Groninger-skool word duidelik geskets en die beskrywing van die politieke omstandighede tydens Molenaar se adres in 1827 verduidelik waarom dit vir die koning so uiters ongeleë was. Verder sou mens iets meer van De Cock se agtergrond te wete wou kom. Waar moet ons hom byvoorbeeld teologies presies plaas?

Daar is uitvoerige voetnote met verwysings na literatuur asook 'n persoons- en sake-indeks. Oor die geheel gesien is dit 'n baie goeie boek wat aan die leser 'n goeie insig bied oor die kerk waarvan al die afskeidings in die vorige eeu plaasgevind het. Vir ons in Suid-Afrika is kennis van die stuk Nederlandse kerkgeskiedenis onontbeerlik. Die boek word sterk aanbeveel.

C F A Borchardt

C E Braaten, *The Apostolic Imperative*. Nature and Aim of the Church's Mission and Ministry, Augsburg Publishing House, Minneapolis 1985, 205 pp. Prys ±R45.

Te midde van die Babelse verwarring oor wat die eintlike sending van die Kerk in die wêreld is, is hierdie boek 'n welkome rigtingwyser. Die skrywer is professor in teologie aan die Lutherse Teologiese Skool in Chicago. As sistematiese teoloog is hy baie goed onderlê in moderne teologiese strominge en hy maak goed gebruik van hierdie insigte om na te dink oor die sending en die bediening van die kerk in die moderne wêreld.

Die skrywer gee die doel van sy boek self soos volg weer: "to recapture the motive for mission in the gospel and to redefine ministry as the means to the end of that mission" (p 11). Die bedoeling is dus om terug te gaan na die Apostoliese grondslae van 'n teologie van sending en bediening ten einde antwoorde te vind op die krisis waarin beide in ons tyd beland het. As Lutherse teoloog kom die skrywer tot die gevolgtrekking dat Luther se "*theologia crucis*" 'n bruikbare sleutel bied om die polarisasie rondom sending en bediening te oorbrug. Wat ook 'n groot wins is, is dat hy die hele bediening van die kerk en al sy ampte en strukture in 'n missionêre perspektief plaas.

In Deel I van die boek word oor beginselvrae nagedink. Hy sien die kruisewangie as grondslag vir 'n teologie van die sending. Hy stel 'n "*theologia crucis*" teenoor 'n "*theologia gloriae*" wat vandag weer sterk na vore kom – ook in die bevrydingsteologieë. Die kerk se krag moet juis manifesteer in diensbereidheid en lydensbereidheid, en nie in aardse mag en grootheid nie. Hy voel so sterk hieroor, dat hy voorstel dat dié kenmerke by dié wat in die Apostolicum genoem word as kenmerke van die kerk gevoeg word. Dit beteken egter nie dat hy terugval in 'n teologie van wêreldontvlugting nie. Volgens hom kan 'n "*theologia crucis*" juis ook dien as grondslag vir sosiale kritiek, selfs nog beter as Marx se *praxis*-konsep.

'n Tweede belangrike vraag wat behandel word, is dié oor die uniekheid van Christus te midde van religieuse pluralisme. In 'n "*theologia religionum*" gaan dit om vrae oor kontinuiteit en diskontinuiteit; absolutisme en relativisme; Christosentrisme en teosentrisme. Braaten bespreek die standpunte van Althaus, Barth en Troeltsch in hierdie verband. Teoloë soos Niebuhr, Hick en Knitter verkies 'n radikale teosentriese uitgangspunt ten einde dialoog met die wêreldgodsdienste moontlik te maak. Alhoewel Braaten die Christosentriese uitgangspunt verkies wil hy dit so hersien dat dit kan dien as grondslag vir 'n teologie van die godsdienste wat die wêreldgodsdienste Christosentries kan interpreteer.

Die derde beginselsaak wat hy aanroer is die vraag na die posisie van Jesus in die gesprek tussen Jode en Christene. Beide Judaïsme en Christendom is eskatologies-messiaanse godsdienste. Dit bied 'n grondslag vir voortgesette dialoog. In plaas van sending en evangelisering van Jode, wil die skrywer liever praat van diens en getuieis teenoor Jode na gelang van hulle spesifieke behoeftes.

In deel II van die boek word die kwessie van die omvang van die kerk se sending bespreek. Teenoor die polarisering tussen "Ecumenicals" en "Evangelicals" beveel hy aan dat daar gesoek moet word na "a biblically based, evangelically motivated, ecumenically oriented and practically grounded theology of mission" Dit is 'n hele mond vol. Tog probeer hy dan om die essensiële elemente van so 'n teologie van die sending aan te stip.

Dit is baie belangrik dat hy ook die gesekulariseerde Westerse samelewings binne die gesigsveld van die sending bring. Hy pleit vir 'n nuwe verbeeldingryke offensief van die kerk om sekularisme te beveg en om die "neopagan societies" weer te kersten. Hiervoor word 'n herontdekking van die eenheid van die kerk en 'n ekumeniese benadering as voorwaarde gestel.

Seker die mees insiggewende hoofstuk in die boek is Braaten se indringende gesprek met bevrydingsteologie wat teologie in 'n "critical theory of praxis" wil laat opgaan. Hy sien dit as 'n Trojaanse perd wat Marxistiese teorieë in die teologie wil insmokkel. Daar is 'n wesenlike gevaar dat lofprysing, aanbidding, liturgie, sonde en verlossing in hierdie sekulêre teologieë met *praxis* as uitgangspunt hulle Bybelse betekenis kan verloor. Die gevaar is groot dat bevrydingsteologie kan ontaard in 'n ideologie ter onderskraging van linkse sosialisme. Hierteenoor word die kerk opgeroep om vanuit 'n Bybelse teologie tog groot erns te maak met sosiale kritiek en sosiale ongeregtigheid.

Die derde deel van die boek handel oor die kerklike bediening ("ministry") en die verhouding daarvan tot die sending. Teen die agtergrond van die krisis waarin die bediening beland het, word ook hier weer teruggegryp na die apostoliese grondslae van bediening. Die probleme in die ekumene rondom ordening en suksessie, word bespreek. Ten slotte word

aandag gegee aan die amp van leraar en pastor en aan teologiese opleiding.

Die boek is 'n versameling van uiteenlopende onderwerpe waarvan enkeles ook voorheen in tydskrifte verskyn het. Die missionêre gerigtheid skakel egter die onderwerpe aan mekaar.

Die boek is lesenswaardig vanweë die aktualiteit van die onderwerpe en vrae wat behandel word en ook vanweë die gebalanseerde standpunt wat die skrywer telkens inneem te midde van gepolariseerde teologiese standpunte. Dit is verfrissend om vanuit 'n Lutherse uitgangspunt ook te kan uitkom by 'n holistiese teologie van die sending wat jaloers waak teen 'n afwyking van die apostoliese fundamente waarop dit moet rus.

Die boek is van besondere betekenis vir die studievervelde van sendingwetenskap, praktiese teologie en ekumenika.

D. Crafford

Patrick Sookhdeo, *New frontiers in Mission*, the Paternoster Press, Exeter/Baker Book House, Grand Rapids (Mi) 1987, 190 pp. Prys nie vermeld nie.

In die jaar 1942 het die bekende aartsbiskop, William Temple, die opmerking gemaak dat die bestaan van die Christelike kerk wêreldwyd, in feitlik elke land op elke kontinent, die "verrassende nuwe feit van ons tyd" is. Nou, veertig jaar later (skryf Patrick Sookhdeo in sy inleidingshoofstuk) het die wêreldkerk weer 'n totale nuwe fase in sy sendingarbeid betree. In die versamelbundel word die nuwe uitdagings wat daar op die kerk wag, behandel.

Die boek het nie sommerso ontstaan nie. In 1983 het 'n groot groep kerkleiers en sendingwetenskaplikes vanuit verskillende tradisies by Wheaton (Ill.) byeengekom om oor "The Nature and Mission of the Church" te konfereer. Een van die subkonferensies wat aangebied is, het oor "The Nature and Mission of the Church in New Frontier Mission" gehandel. Die referate wat gelewer is, plus die rapport wat voor die vergadering gedien het, is in 'n lesenswaardige en keurig gepubliseerde boek saamgevat.

Die nuwe **grense** wat gedurende die laaste jare van die 20ste eeu deur die sending oorskry moet word, word van alle kante besigtig. Om slegs 'n paar te noem: **Paul Pierson** vra aandag vir die groot getal nie-Westerse sendelinge wat in ons tyd na vore gekom het; **Patrick Sookhdeo** behandel die reaksie vanuit die Derde Wêreld (of Twee-derde wêreld) op die westerse sendingpogings; **David Cho** skryf oor die nuwe sendingstrukture wat op pad na die toekoms nodig gaan wees, terwyl **Simon Barrington-Ward** 'n interessante artikel oor die korrekte model vir kerkgroei in die jare wat kom (*Packaging or Partnership*), lewer. Die vernuwung van die kerk as voorvereiste om as getuie en dienskneg van die Here te mag dien, is **G P Benson** se onderwerp, terwyl **David Gitari**, vanuit sy Afrika-agtergrond die eenheid en die verskeidenheid van die kerk andermaal onder die loep neem. Die kerk se sending en bediening ("Mission and Ministry") word deur **Harold Fuller** bespreek, terwyl twee geswore "evangelicals" **Vinay Samuel** en **Chris Sugden** oor sending en ontwikkeling praat. Die bronne waaruit die sending van die toekoms mag put, word in twee hoofstukke, deur **Teo Weele** en **Petrus Octavianus**, bespreek. Geen simposium oor die sendinguitdagings van die toekoms is volledig sonder die stem van die ou strydos, **Ralph Winter** nie – en in die boek is dit óók so. "Unreached Peoples: What, Where, and Why?," noem hy sy hoofstuk wat, vir enigeen wat graag wil weet waaroor dit in die "Church Growth"-beweging gaan, verpligte leesstof behoort te wees. **Samuel Wilson** se hoofstuk oor die kerk op die nuwe sendingterrein, sluit nou by dié van Winter aan. In 'n slothoofstuk skilder **Patrick Sookhdeo** die pad waarlangs die kerk op sy sendingtog in die toekoms sal moet beweeg.

New Frontiers in Mission is 'n interessante en lesenswaardige publikasie. Uit die aard van die saak is die bydraes kort en saaklik en is daar weinig kans om af te steek na die diepte

- nie minder nie as sestig referate is opgeneem - maar die boek bevat waardevolle insigte en informasie.

Net soos die Wheaton-konferensie 'n beduidende invloed in veral die evangeliese sendingswêreld gehad het, én nog het, behoort die publikasie van dié boek ook sy merk te maak. Die boek word sterk aanbeveel.

P G J Meiring

H L Bosman, *et al*, *Die Nederlandse Geloofsbelydenis - Ontstaan, Skrifgebruik en gebruik*. Universiteit van Suid-Afrika 1987, 243 pp. Prys R27,50.

'n Verfrissende agtergrondstudie oor die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) in Afrikaans! 'n Magdom gegewens oor die ontstaan, die dogma-historiese konteks, gebruik, die hantering van die Skrif, die betekenis wat dit vir leraars en vir lidmate het, word gebied. Op 'n baie eerlike en billike wyse word die sake aan die orde gestel, maar daar word tegelyk kritiese vrae gestel wat baie noodsaaklik is. So 'n boek help die lidmaat om die NGB in 'n meer gebalanseerde lig te sien en die eintlike doel daarvan beter te verstaan.

Die boek bevat 7 hoofstukke:

1. J W Hofmeyr en E van Niekerk, "Die NGB-konteks en teks" Hierin word die politieke, kerklike en dogma-historiese omstandighede aangegee waarbinne die NGB ontstaan het. Ook word die ontstaan en wordingsgeskiedenis nagegaan. Dit help die leser om die geskrif van die NGB beter te verstaan en te evalueer.

2. E van Niekerk, "Die hermeneutiese sleutel van die NGB" Die NGB ontstaan en word gekonsipieer binne die raamwerk van die klassieke Gereformeerde tradisie. Sake soos die gesag van dogma, van 'n belydenisskrif en van 'n geloofsoriëntasie word behandel. Kritiek word uitgespreek teen die beskouing in die NGB dat die kerk gesien word as 'n bonatuurlike samelewingstruktuur, wat die deur sou oopmaak vir allerlei ideologieë. Eweneens word kritiek uitgespreek teen die dualistiese mensbeskouing van 'n siel en 'n liggaam. As hermeneutiese sleutel word die algemene in diens van die besondere gestel.

3. H L Bosman, "Die historiese wortels van die Skrifgebruik in die NGB" Die Skrifgebruik in die NGB moet gesien word in verband met voorafgaande tydperke, soos die interpretasie van die kerkvaders, die klem op die letterlike betekenis deur die Middeleeuse Joodse eksegete en die humanistiese belangstelling in die Bybelse grondtale.

Skrifuitleg gedurende die Hervorming word ook onder oë geneem. Die skrywer bevind dat die Skrifuitleg wat in die NGB gebruik word, voorkrities is. Die Skrifuitleg word deur die eksegete se geloofsreëls bepaal en begrens. Die teks van die Bybel is 'n spieël van die historiese feite en teologiese waarhede wat deur die eksegete afgelees word.

4. H L Bosman, "Die gebruik van die Ou Testament in die NGB" Ook hier word bevind dat die NGB die OT op voorkritiese wyse gebruik. Daar word ook aangetoon dat die NGB gebrekkige aandag gee aan die oorspronklike literêre en historiese konteks. Die OT word verstaan vanuit die 16de eeuse Gereformeerde teologie.

5. E H Scheffler, "Die gebruik van die Nuwe Testamenjt in die NGB" Die ondersoek toon aan dat hier 'n voorkeur bestaan vir aanhalings uit die briefliteratuur bo die vier evangelies. Daar word ook eerder teksgewys aangehaal as perikoopgewys. Die Skrifgebruik is pre-ortodoks. Die oorspronklike historiese konteks van die tekste wat aangehaal word, word deur die NGB oor die hoof gesien.

6. I J van Eeden, "Empiriese patrone m.b.t. die houdings, opinies en standpunte van predikante rakende die belydenisskrifte" Uit hierdie ondersoek blyk 'n baie sterk positiewe houding by predikante teenoor die NGB en belydenisskrifte.

7. I J van Eeden, "Empiriese patrone m.b.t. die houding, opinies en standpunte van belydende lidmate rakende die NGB" Belangrike konklusies word getrek en dit is oor die algemeen baie positief.

Vir elkeen wat te make het met die belydenis en die belydenisskrifte, wat die geloofsuitdrukking van die kerk moet help formuleer, leer en vertolk, is hierdie boek baie handig. Heelwat verantwoorde agtergrondinformatie word gebied.

A C Barnard

S Fowler, *Christian Educational Distinctives*, IRS F2 no 39, Potchefstroom University for Christian Higher Education, 1987, 214 pp. Prys R12,00.

Verskillende voordragte wat in die loop van twaalf jaar gelewer is, word in dié boek weer-gegee. Verskillende temas word behandel, maar daar loop 'n sentrale tema deur die boek, naamlik die betekenis van die Christelike geloof vir die lewe in die verskillende verhoudings van die menslike samelewing.

Die skrywer behandel die belangrike saak van die betekenis van die Christelike geloof vir die onderwys. Daar word gepleit vir 'n Christelike onderwys, maar dit bly moeilik. Die vraag aan die einde is of Christene die onderwys verrig volgens Christelike norme en of daar gepraat kan word van 'n Christelike onderwys. Die skrywer kies vir laasgenoemde. Die leser is dankbaar vir die Christelike aksente wat gelê word, maar die vraag van 'n "**Christelike**" onderwys bly staan.

Waar beklemtoon word dat die mens in die primêre verhouding tot God staan en van hieruit in verskillende verhoudings tot die medemens lewe, kan dit net toegejuig word. Ook as hierby gevoeg word die belydenis van die sondigheid van die mens en die verlossing deur Jesus Christus. Hy skryf: "The specific Christian imperative in education must be seen within the context of this general Gospel imperative that calls us to live whole lives reflecting the integrity of our humanity given in the Gospel. It calls us to an educational practice that is integral to a whole, undivided life where Christ is Lord" (p 7).

Die kontoere van die Christelike onderwys word geteken en word steeds gesien as lering binne die raamwerk van die Woord van God. Die belang van kritiek van mense word waardeur, maar die laaste toets is steeds die Woord van God. Die volgende word as Christelike onderrigkenmerke aangegee:

Die Bybelse leer van die skepping.

Die strukture van die menslike samelewing.

Sonde en die herskepping.

Die spesiale karakter van die skool.

Ten opsigte van die struktuur van die skool word alles gestel in die lig van en onder die beheer van die Woord van God en in die behandeling van die skool-Bybelles word aangedui hoe die belydenis ten opsigte van die skool funksioneer.

Volgens die skrywer moet Christelike onderwys 'n alternatiewe onderwys wees wat ontwikkel word vanuit 'n hele ander lewenswortel: "It must differ, not merely in its details, but in its most fundamental principles ... It must be shaped by the religious principle of the Word of God revealed to us in the Scriptures" (p 195). Telkens word die Bybelse beginsels van die skepping, die vervreemding van die mens van God en van die versoening deur Jesus Christus (p 196), gestel.

Behalwe die probleem wat hierbo genoem is ten opsigte van die benadering van die Christelike onderwys, is daar ook die praktiese stryd om presies te verstaan wat die Woord van God alles gebied oor die onderwys. Verskillende mense verstaan verskillende dinge en die Skrif gee slegs groot teologiese beginsels.

Die boek lees maklik, daar is prikkelende gedagtes wat die lees die moeite werd maak.

A C Barnard

D G Benner (Ed), *Psychotherapy in Christian perspective*, Baker Book House, Grand Rapids 1987, 375 pp. Prys 14,95 dollars.

Die artikels in hierdie boek is verkorte weergawes van wat dieselfde uitgewer in 1985 in die *Baker Encyclopedia of Psychology* gepubliseer het.

Die 62 artikels in die boek is ingedeel in drie hoofdele, te wete: algemene sake, individuele-, groeps-, familie- en egpaarterapie. Die artikels is deur 'n groot verskeidenheid outeurs uit verskeie studievelds geskryf.

Die boek wil eerstens 'n oorsig gee van die verskillende benaderings, standpunte en skole op die wye terrein van die psigoterapie en psigologie. Op 'n kort en oorsigtelike wyse word die verskillende benaderings langs mekaar gestel en die kern van elkeen toegelg. Daar word ook 'n beoordeling van die verskillende terapieë gebied.

Ten tweede wil die skrywers van die boek hierdie terapieë vahut 'n Christelike perspektief belg. Daar word gevra of 'n Christelike psigoterapie meer is as 'n Christen wat psigoterapie beoefen. Die besondere van die Christelike benadering word gesien in die Bybelse eenheid van die persoonlikheid, dat die mens geskape is na die beeld van God, gereken word met die werklikheid van die sonde en met die besondere rolle en take van die Christelike terapeut. Tog word die klem deurgaans sterk gelê op die wetenskaplike benadering en op die gebruik van meerdere metodes.

Met hierdie publikasie voorsien die skrywers in 'n baie belangrike behoefte. Baie min predikante is onderleg om die hele nuwe ontwikkeling op die gebied van psigoterapie en beraad enigsins na behore te oorsien en te evalueer. Baie min persone is in staat om die positiewe van die nuwe kennis te gebruik en die gevare te vermy. Juis in hierdie behoefte word voldoen. Omdat die stof oorsigtelik aangebied word, kan die berader maklik georiënteer word. Die benadering, vanuit Christelike perspektief, is nie onwetenskaplik en hinderlik nie, daarom open dit die oë vir sowel die kennis en insigte van die psigiatrie en psigologie, asook van die teologie.

Ongelukkig sal die goed onderlegde vakman die boek te oppervlakkig en te kursories vind sowel as dat die diepte van die terapieë nie bereik word nie. Die feit dat die boek deur 'n groot aantal outeurs geskryf is, het enersyds die voordeel dat verskillende persone se standpunte gehoor word. Andersyds bied dit egter nie 'n eenheidsbeeld nie en is die artikels ook nie almal van dieselfde gehalte nie.

Vir elke predikant en vir elke berader en vir persone wat op 'n meer verantwoordelike wyse hulle medemens wil help, is hierdie boek 'n belangrike hulpmiddel. Dit kan met groot vrug gebruik word.

A C Barnard

H F van der Meulen, *Geloven kan ook anders*, J H Kok, Kampen 1987, 165 pp.

Die skrywer kyk vanuit 'n reeks nuwe gesigspunte na geloof en om te glo. Sy hele uitgangspunt is dat geloof 'n driehoeksverhouding is: 'n verhouding met God, met jouself en met die ander.

Die boek bestaan uit twee hoofdele, te wete:

"Je openstellen voor de Ander .."

"En je openstellen voor de ander"

Wat die eerste hoofdeel betref, behandel die skrywer twee onderdele: die Bybel, hoe dit gelees en verstaan moet word, Skrifbewys, ens.; en hoe God gesien en verstaan en geken kan en moet word.

Die tweede hoofdeel bestaan ook uit twee onderdele:

die kerk, die ampte, die omgang met mekaar en

die gelowiges, andersgelowiges en nie-gelowiges.

Daar is prikkelende nuwe gedagtes. So stel die skrywer, teenoor die gangbare opvatting van geloof wat in begrippe uitgedruk en afgemete kan word, ook 'n siening van geloof as beweging, as dinamiek. Hy verkies die werkwoord "glo" bo die selfstandige naamwoord "geloof" omdat dit 'n statiese omskrywing is.

Ten opsigte van die Bybel, die lees, die verstaan en uitleg daarvan, word belangrike dinge gesê. Die klem val egter só swaar op die probleme, die misverstande en die verskille, dat die Bybel en die hantering daarvan, problematies word. Daar kan geen sekerheid uit die Skrif verkry word nie. Al wat oorbly is die grens van die liefde wat die ander geen kwaad doen nie en dat alleen deur saam met andere te spreek, tot 'n konklusie gekom kan word.

Oor God as die "Ander" word ewe-eens belangrike dinge gesê wat maklik vergeet word. So word gepraat dat die Bybel geen abstraksies en geen Godsleer ken nie, maar dat die ontmoeting van mense met God en met mekaar, op verskillende maniere beskryf word. Hy waarsku teen die poging om die Woord in allerlei patrone te plaas. Só beklemtoon die skrywer ook dat God by die mense teenwoordig is en Hom met mense besig hou, maar dat daar steeds 'n afstand tussen God en ons bly. Waar egter oor God as die "onmagtige" geskryf word, kan dit misverstaan word.

Die kerk word onder die soeklig geplaas en hier kom die gedagte van pluriformiteit en pluraliteit sterk na vore. Ten opsigte van die predikant en die rol wat hy vandag speel, sny die skrywer dinge aan wat vandag ernstig oorweeg moet word.

'n Verdienstelike aksent in die boek is die gedeelte wat oor die getuienis deur die kerk en deur die gelowiges, handel.

Die uniekheid van die belydenis van geloof en die duidelike grens wat daar tussen kerk en wêreld behoort te wees, word onderbeklemtoon. Die grense vervaag te veel in die boek. Dit geld ook vir die vergelyking van die pastoraat met allerlei terapeutiese benaderings. Volgens die skrywer bring die terapeut ook heil soos die geestelike, omdat terapeute dikwels 'n religieuse funksie vervul (119, 120).

Vir my was dit 'n verrykende boek om te lees, hoewel daar oral punte van kritiek aangestip kan word.

A C Barnard